woord (s.nw.): Klankgroep met ’n bepaalde betekenis; ook. geskrewe, gedrukte voorstelling daarvan. Die gesproke, geskrewe woord. Die spreker het baie vreemde woorde gebruik. Leer om ’n moeilike woord te spel. ’n Paar woorde sê. Belofte: Jou woord gee, ’n belofte maak. Woord. Die Bybel: Gods Woord.

Woorde

Vincent Oliphant

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

STROFE 1-3

1. my woorde het nie die krag
2. om bose magte tot ‘n val te bring nie
3. my woorde kan bloot sing

4. my woorde is nie ‘n dak
5. om onder te skuil nie
6. my woorde is swak

7. my woorde kan nie keer
8. dat ons die kromme note haal nie
9. my woorde is kaal
10. glo tog

bose magte *(evil powers)*: slegte kragte / gesag

tot ’n val te bring *(demolish, destroy)*: vernietig, ondergang veroorsaak

skuil (hide, take shelter): beskut, verberg

swak (weak, not strong): nie sterk nie

kromme note haal (figuurlike taal): besonder moeilik, met alle mag *(with great effort)*

kaal *(bare)*: leeg

STROFE 4

1. "my woorde het nie die byt
2. van koeëls en grofgeskut nie
3. nee
4. my woorde kan bloot bid
5. en pleit
6. en wens
7. medeburgers van die lewe
8. dat ons van grense sal vergeet
9. en bloot mens sal wees
10. en medemens..."

byt *(bite, to hurt):* seermaak

grofgeskut (*big guns, cannon, heavy artillery*): geskut met groot kaliber; swaar geskut, groot kanonne

bloot (*merely*): slegs, net, allleen

pleit (*plea*): soebat, smeek, mooipraat

medeburgers (citizens): mense wat dieselfde burgerskap as ander het

grense (barriers): skeiding

medemens (fellow-man): elke ander mens; ewemens, naaste

Bespreking en 10 vrae

1. Stem jy saam? Motiveer. Hierdie gedig is 'n protesgedig en soos soveel ander wat in die 1990's verskyn het, gaan dit oor politieke onreg en is dit 'n aanval op Afrikaners en die Apartheidsregering.

ANTW.: Nee. Hoewel die spreker wel die politieke konteks met sy woordkeuse aanspreek ('bose magte' en 'koeëls' en 'grofgeskut'), is hierdie gedig eerder 'n versoeningsgedig waar hy juis pleit dat ons as mense sonder skeidings sal saam leef. Deurdat die digter kies om sy gedig in Afrikaans te skryf, word hierdie versoeningsgedagte verder ondersteun.

2. Die herhalende 'my' in 'my woorde' beklemtoon dat die spreker 'n … uitdrukking gee van hoe hy voel en waarin hy glo.

ANTW.: persoonlike

3. In die eerste 3 strofes sowel as die eerste reëls van strofe 4 sê die spreker wat sy woorde nie kan vermag nie. Organiseer die vlg. tabel sodat dit reg lees.

Strofe	Aanhaling	Betekenis
Strofe 1	(1) 'het nie byt nie'	Kan nie verseker dat moeilike probleme opgelos sal word nie.
Strofe 2	(2) 'is nie 'n dak nie'	Het nie die mag om onregverdige en duiwelse gesag te laat misluk nie.
Strofe 3	(3) 'het nie krag nie'	Het nie die vernietingskrag van gewapende protes nie.
Strofe 4	(4) 'kan nie keer nie'	Kan nie beskutting teen onheil of aanvalle bied nie.

Strofe	Aanhaling	Betekenis
Strofe 1	(3) ‘het nie krag nie’	Het nie die mag om onregverdige en duiwelse gesag te laat misluk nie.
Strofe 2	(2) ‘is nie ‘n dak nie’	Kan nie beskutting teen onheil of aanvalle bied nie.
Strofe 3	(4) ‘kan nie keer nie’	Kan nie verseker dat moeilike probleme opgelos sal word nie.
Strofe 4	(1) ‘het nie byt nie’	Het nie die vernietingskrag van gewapende protes nie.

4. Verduidelik hoe albei betekenisse van ‘bloot’ (strofe 1) binne die konteks van die gedig betekenisvol kan wees.

ANTW.: Bloot kan beteken ‘net’ of ‘slegs’: m.a.w. die poësie kan net besiel en vermaak (‘sing’); maar ook ‘suiwer’ en ‘oop’ maak: m.a.w. die poësie kan ook iets wat weggesteek is, na vore bring (dit blootlê) en sodoende skoonmaak (suiwer).

5. Haal 2 opeenvolgende woorde in strofe 3 aan wat verband kan hou met ‘sing’ in strofe 1 en verduidelik hierdie verband kortliks.

ANTW.: Met ‘kromme note’ in strofe 3 word musiek weer betrek. Wanneer note ‘krom’ is, beteken dit hul klink waarskynlik nie mooi nie, m.a.w. in plaas daarvan dat die woorde ‘sing’ (strofe 1) & dus aantreklik en besielend is, is hulle nou onaangenaam om na te luister. (Let wel dat ‘kromme note’ deel is van die uitdrukking ‘kromme note haal’ wat beteken dat iets besonder moeilik is.)

6. Wat beteken dit as jy sê iets het nie ‘byt’ nie, soos in ‘my woorde het nie byt’ (strofe 4)?

ANTW.: Dit het nie die vermoë om enige skade aan te rig nie / is geen bedreiging nie.

7. In die eerste 3 strofes, asook die eerste reëls van strofe 4, is daar 'n opeenhoping van negatiewe stellings (kyk vraag 3), maar in strofe 4 word die stellings positief wanneer die spreker sê wat sy woorde wel kan doen. Watter woord in str. 4 lei die positiewe stellings in?

ANTW.: 'nee'

8. Skryf 3 aangehaalde werkwoorde uit str. 4 neer wat beskryf wat die spreker met sy woorde kan doen.

ANTW.: 'bid – God; 'pleit' – medemens; 'wens' – self

9. Verduidelik die vlg. reël uit str. 4 wat beskryf wat die spreker met sy woorde kan doen.

ANTW.: Sy woorde kan versoen, skeidings ('grense') afbreek sodat mense saam kan leef.

10. Waarom dink jy is die titel gepas?

ANTW.: Die digter se instrument waarmee hy lesers beinvloed / oortuig / aangryp, is woorde, daarom is die titel gepas.